WD Jonker

Brandvlei, Sondagaand, 17 Sept 1995. Konferensie met die Ring.

DIE UITVERKIESING

Sing: Psalm 89:1, 7
Psalm 100:2, 4
Gesang 10:2
Gesang 226:1

Lees: Ef 1:3-14; Rm 8:28-39

Kom ons oorweeg die volgende stellings:

1. Die uitverkiesing word in die Bybel gesien as saak van diepe dankbaarheid en lofprysing.

Die leer van die uitverkiesing is vir baie mense iets duisters en miskien selfs skrikwekkends. Maar in die Bybel word dit nie so gesien nie. Inteendeel, in die Bybel is die uitverkiesing juis die oorsaak van lofprysing en diepe dankbaarheid (vgl gelese gedeeltes). Solank ons dit nog nie so sien nie, verstaan ons dit verkeerd. Die feit dat die uitverkiesing vir baie mense nie 'n saak van vreugde is nie, maar iets duisters waaroor hulle liewer nie wil dink nie, moet vir hulle 'n bewys daarvan wees dat hulle verkeerd daaroor dink.

Waarom is die uitverkiesing in die Bybel 'n saak van blydskap? Omdat die uitverkiesingsleer in die Bybel funksioneer as die onderstreping van die onverdiende karakter van Gods genade. Dit wil sê: hierdie leer wil onderstreep dat ons verlossing nie die gevolg is van ons eie goeie dade, ons eie waardigheid, of selfs van ons geloof of ons keuse vir Christus nie, maar dat dit van voor tot agter 'n geskenk van God aan ons is wat ons op geen enkele manier waardig is of verdien het nie. Niemand sal in die hemel daaroor kan spog dat hy/sy gered is omdat hy/sy beter as andere was, uit eie beweging tot Christus gekom het of uit eie krag geglo het nie. Almal sal in die hemel weet en sê: Nie aan ons nie, o Here, nie aan ons nie, maar aan U Naam kom die eer toe, want dit is U wat liefde en trou bewys het (Ps. 115:1). Dit geld natuurlik van ons hele lewe, maar dit geld in die besonder van ons verlossing. Daarvoor kan geen mens self enige vorm van verdienste opeis nie. Dit is 'n geskenk in die volste sin van die woord. Die uitverkiesing beteken dat my redding nie die gevolg daarvan is dat ek vir God gekies het nie, maar dat Hy vir my gekies het.

Natuurlik kan ek nie gered word, as ek nie vir Christus kies nie, maar die leer van die uitverkiesing wil sê dat die feit dat ek vir Christus gekies het, nie op my eie goedheid berus nie en dus geen prestasie is waarop ek kan roem nie, omdat ek dit alleen kon doen, omdat God my daartoe in staat gestel het. God het aan my genade bewys. Hy het my hart aangeraak deur die Heilige Gees en in my 'n besef van my verlorenheid en 'n verlange na die vergiffenis van sonde en vrede met God gewerk. Daar is ander mense met wie dit nie gebeur nie, maar met jou en my het dit wel gebeur, en dit sonder dat daar in ons enige grond of rede was om

dit te doen. Dit is genade om genade te kan ontvang. Agter ons keuse sit Gods keuse vir ons. Daarom is dit 'n saak van diepe dankbaarheid om te beset: Dit is nie ons wat eerste vir God liefgehad het nie. God het ons eerste liefgehad en ons hart vir wederliefde geopen. Daarom kan 'n mens God maar net prys vir sy uitverkiesende liefde. En dit is presies hoe die Bybel daaroor praat.

Die doel van die leer van die uitverkiesing is om, wanneer mense tot geloof kom en gered word, die eer daarvoor volledig aan God te gee, soos 1 Kr 1:29 dit uitdruk: Geen mens het dus iets om op te roem voor God nie. Dit is, soos Fl 2:13 sê, dat God mense gewillig en bekwaam maak om sy wil te doen. Selfs die geloof, sê Ef 2:10, is 'n gawe van God. Agter ons beslissing sit dus Gods genadige beslissing. Agter ons geloof sit Gods verkiesende werking deur die Heilige Gees. Dit is genade om Gods genade te kan ontvang. Dit kan ons alleen diep dankbaar en nederig maak.

2. Die leer van die verkiesing maak ons nederig.

Dit is baie duidelik dat die Bybelse leer van die uitverkiesing bedoel is om ons nederig te maak, nie hoogmoedig nie. Omdat ons verlossing onverdiend is, mag ons nooit daarop trots wees, asof dit ons eie prestasie is dat ons gered is nie. Tereg vra Paulus aan die Korintiërs wat hulleself bokant andere verhef: "Wat besit jy wat nie ontvang het nie?" (1 Kr 4:7). Om die waarheid te sê, die Bybel se boodskap van die verkiesing is juis dat God sy genade aan mense bewys sonder dat ons in hulle self die minste grond daarvoor kan ontdek waarom hulle daarop aanspraak kon maak of daarvoor kon kwalifiseer om só deur God begenadig te word. God gaan in sy milde goedheid met mense om, en dit is nie vir ons duidelik waarom Hy bepaalde mense uitkies vir 'n rol in sy heilswerk of vir die ontvangs van sy gawes nie. Dink maar aan Gods verkiesing van Abraham, van Dawid, van die verskillende profete, van Maria as moeder van Jesus, van die twaalf apostels, van Paulus die vervolger van die kerk: dit is op die ry af voorbeelde van Gods onberekenbare verkiesende werk. Hulle is nie uitverkies om diè rol te speel op grond van wat hulle was nie, maar omdat God hulle vir die rol uitverkies het, het Hy aan hulle die gawes gegee wat daarvoor nodig was.

As daar 'n patroon in die verkiesende liefde van God sigbaar word, dan is dit juis dat Gods liefde uitgaan tot diegene wat na ons mening die minste daarvoor kwalifiseer. Ons kan nie anders nie as om met Paulus op te merk dat God juis die swakkes, die kleines, die onwaardiges verkies om deel van sy gemeente te wees en 'n rol in die heilsgeskiedenis te speel (1 Kr 1:26-29). Dink aan NP van Wyk Louw se wonderlike gedig oor Christus se geboorte, waarin hy sê: Nie in koninklike paleise nie, maar waar die arme en die kuise stil loseer het in 'n stal, het U, Visarendjie van God, in ons benoude vlees geval. Paulus druk dit soos volg uit in 1 Kr 1:26v: God kies juis die swakkes, die ellendiges en diè wat niks is nie uit, om die sterkes en magtiges en wyses te beskaam. Maar juis daarom is dit vir diegene wat hulleself as deur God

verkore mag weet, die oorsaak van die grootste blydskap en roem in God, omdat hulle weet dat hulle volkome onwaardig is, maar nogtans gered is, omdat God hulle verkies het. Dit is egter vir hulle geen grond om hulleself bo ander te verhef nie. Dit het Paulus diep nederig gehou dat God juis hom, wat 'n lasteraar en vervolger van die gemeente was, as apostel uitgekies het (1Tm 1:13).

Maar selfs as ons dit gesê het, moet dit duidelik wees dat dit nie 'n mens se eie nederigheid of ellende of diepe sondigheid is wat jou vir Gods verkiesende liefde laat kwalifiseer nie. Dit gaan enkel en alleen om Gods vrye genade. As dit van ons afgehang het, sou ons almal die liefde van God geweier het, of ons nou ryk of arm, geleerd of ongeleerd, vernaam of onvernaam is. Daarom kan ons dit maar net in diepe nederigheid ontvang.

3. Die uitverkiesing is nie iets om jou oor te bekommer nie.

Juis daarom is dit duidelik dat die uitverkiesing volgens die Bybel nie iets is waaroor 'n mens jou moet bekommer nie. Dit gaan so volledig buite ons beïnvloeding om, dat ons in elk geval niks daaraan kan doen nie. Niemand kan by voorbaat, los van die gewone gang van die evangelieverkondiging, weet of hy/sy uitverkies is nie. Die uitverkiesing word in die wêreld voltrek langs die weg van die verkondiging van die evangelie en die oproep tot geloof en bekering. Die enigste waaroor 'n mens jou moet bekommer, is oor die vraag of jy die genadeboodskap van die evangelie aanvaar het, jou sonde voor God bely het en Christus as jou Verlosser aanvaar het. As jy dit gedoen het, kan jy volgens die Bybel absoluut seker wees van jou verlossing, en wat meer is: ook van jou uitverkiesing. Die feit dat die belofte van die evangelie tot jou gekom het, dat dit jou aangespreek het, dat dit jou hart beweeg het en dat jy dit aanvaar het, is in sigself die bewys dat God jou uitverkies het en aan jou deur die Heilige Gees die geloof geskenk het waardeur jy sy genade in Christus ontvang het.

Anders uitgedruk: die uitverkiesing word voltrek langs die weg van die verkondiging van die evangelie in die geskiedenis. Die leer van die uitverkiesing het nie ten doel om enigiets te verander aan die erns waarmee die evangelie aan alle mense verkondig moet word nie. Dit verander niks aan die aandrang waarmee ons hulle moet probeer beweeg om die beloftes van die evangelie te glo nie. Dit verander niks aan die erns van ons gebed tot God vir die redding van mense nie. Dit verander niks aan die dringendheid waarmee hulle gewaarsku moet word om nie die genade van God te verag of daarvan afvallig te word nie.

Op 'n wyse wat nie vir ons deursigtig is nie, is die uitverkiesing nie los van die gewone weg van die prediking van die evangelie en die erns waarmee ons by alle mense daarop moet aandring om in Christus te glo nie. God werk in sy verkiesende liefde tog klaarblyklik nie anders as deur die middele van prediking, gebed en getuienis nie.

4. Ons moet aan die uitverkiesing as Gods aksie in die geskiedenis dink, eerder as aan sy ewige besluit.

Een van die groot probleme met die uitverkiesingsleer, is dat dit gekoppel is aan 'n ewige besluit van God (vgl Ef 1:4), wat dan weer geïnterpreteer is as deterministiese besluit waardeur alles in die geskiedenis by voorbaat vasgelê is. Maar so moet 'n mens nie daaroor dink nie. As die Bybel van Gods ewige besluit praat, moet ons onthou dat ewigheid iets anders is as tyd. Ewigheid is nie 'n oneindige lang tyd nie, maar die ewige moment, die ewige nou. Gods ewige besluit is dus nie 'n besluit wat lank gelede geneem is en waardeur alles bepaal is nie, maar dit is die besluit van die ewige en lewende God wat altyd nou is. Noordmans het dit gefgormuleer deur te sê: "God neemt zijn eeuwige besluiten op het allerlaatste moment". Dit klink vir ons absurd, maar hoe moet ons anders oor die ewigheid praat, waarvan ons geen begrip het nie?

Daarom is dit van groot belang dat ons oor die uitverkiesing nie moet dink as 'n besluit van God wat lank gelede reeds geneem is en waarvolgens alles vasstaan nie, maar as die besluit van die ewige God wat gister en vandag dieselfde is en tot in ewigheid. Daarom moet ons die uitverkiesing nie vanuit 'n abstrakte teorie benader nie, maar vanuit die praktyk. Dit wil sê: 'n mens moet die uitverkiesing sien as die daad van die drie-enige God: die Vader kies in Christus en deur die Heilige Gees. Ons moet oor die uitverkiesing nie as iets dink wat lank gelede gebeur het nie, maar as iets wat hier en nou gebeur waar deur Gods beskikking die evangelie aan mense verkondig word en Christus as die weg van heil aan hulle voorgehou word, en waar die Heilige Gees hulle harte oopmaak om dit te verstaan en te aanvaar.

Dit beteken dat ons die uitverkiesing nie van bo af probeer benader nie, vanuit die ewigheid nie, maar van onder af, vanuit die geskiedenis, vanuit die lewe self, vanuit die ervaring. Daar waar die evangelie gepreek word, daar waar 'n moeder haar kindjie van Jesus vertel, daar waar die gemeente bid en van Christus getuig, daar word die uitverkiesing deur die Heilige Gees voltrek. Net van binne-uit, net vanuit die gemeente kan oor die uitverkiesing reg gedink en gesing word. In die gemeente leef mense uit die geloof in die liefde en genade van God, en dus ook in die sekerheid dat niemand hulle uit sy hand sal kan ruk nie.

5. Die uitverkiesing is daarom 'n grond van egte troos en geen rede tot verskrikking nie.

Dit troos ons om te weet dat nie ons keuse vir God nie, maar Gods keuse vir ons die laaste en diepste grond van ons sekerheid is. Miskien is daar te veel die neiging om aan die uitverkiesing te dink as iets grilligs en onberekenbaars, iets wat net 'n klein klompie mense insluit, en waarvan jy nooit kan weet of jy daarby hoort nie. Maar as ons na die Bybel luister en u my vanaand reg verstaan het, moet u aanvaar dat dit nie is soos ons daaroor moet dink nie. Die verkiesing is Gods keuse vir ons wat vir ons in die prediking aangekondig word, en wat ons ons moet laat welgeval. Dit is wat geloof beteken, dat ek Gods liefde vir my aanvaar en daarin rus, met die innige begeerte om in wederliefde daarop te antwoord.